# ARCHER/PINEHURST

*Jou tuiste weg van die huis... / Your home away from home...*

**NUUSBRIEF/NEWSLETTER**

**10/12/2010**

**KOSHUISE WORD VERDER BEVEILIG**

Op die laaste Koshuisraadvergadering is besluit om beide die koshuise, Archer en Pinehurst, met palisade-omheining toe te maak. Dit gaan dalk uitdagings bring vir ons ouers en besoekers en sal 'n tyd neem om daaraan gewoond te raak, maar dit is die prys vir ons koshuisleerders se veiligheid werd.

Dit sal in die eerste deel van volgende jaar afgehandel word. Ons sal die ouers inlig oor die metode wat gebruik gaan word om dan toegang tot die koshuisperseel te kry.

**KOSHUISGELD VIR 2011**

Die koshuisgeld vir 2011 is deur die Koshuisraad bepaal en deur die Beheerliggaam goedgekeur.

Ouers kan verseker wees dat alles in ons vermoë gedoen word om die uitgawes so laag as moontlik te hou. Projekte word aangepak om meer fondse te in, soos om groepe oor naweke in te neem en ook tydens die KKNK. Die koshuisgeld is soos volg:

- R2650 per kwartaal
- R1060 per maand vir 10 maande
- R10600 per jaar.

Hierdie geld is vooruitbetaalbaar.

**WASSERY**



Hoërskool Oudtshoorn se koshuise beskik oor geriewe waar leerders se klere teen betaling van R280 per kwartaal gewas kan word. Dit moet egter vooraf met die huismoeders gereël word .

Koshuisleerders se klere moet duidelik gemerk wees en in 'n wasgoedsak met sy/haar naam daarop op Dinsdagoggend by die waskamer by Pinehurst ingehandig word. Dit kan dan weer Donderdagmiddag afgehaal word. Die volgende beperkings geld:

- *Maksimum van 5kg droë gewig;*
- *Geen klerewas na 'n tuisnaweek nie;*
- *Geen klerewas die laaste week van die kwartaal nie.*



**LEIERSKAMP 2011**

Die leiers van Archer en Pinehrust vorm deel van die opleidingskamp wat vir alle leiers in die skool [VRL-lede, Matriekraad en klasleiers] aangebied word. Die doel is om ons leerders toe te rus vir die veeleisende taak wat voorlê in 2011.

Dit vind 15/16 Januarie 2011 by Carmel Valley, Victoriabaai plaas en ons versoek dat alle koshuisprefekte dit bywoon, aangesien die beplanning vir die res van die jaar ook dan afgehandel word.

## KONTAKBESONDERHEDE

| | | |
|---|---|---|
| **SKOOLHOOF**: Mnr. Johan Claassen | 044-2791623 | johan@oudhs.wcape.school.za |
| **PINEHURST**: | | |
| Superintendent: Mnr. Gerrit Rudolph | 044-2791755 | gerritrudolph@yahoo.com |
| Koshuismoeder: Mev. Franzie Steynberg | 044-2726155 | |
| Diensdoende Personeel: | | |
| Me Yvonne Robinson | 044-2794061 | |
| Me Deoni Brand | 084-6556505 | |
| **HUIS ARCHER**: | | |
| Superintendent: Mnr. Dave van der Walt | 044-2722580 | davesus@mweb.co.za |
| Koshuismoeder: Mev. Susan van der Walt | 044-2722580 | |
| Diensdoende Personeel: | | |
| Mnr. Herman Marais | 044-2723163 | |
| Mnr. Christo Serfontein | 044-2792753 | |
| Mnr. Lammie Brink | 084-6556505 | |
| Koshuisraadvoorsitter: Mnr. Nico de Wet | 082-8234789 | |

PROUDLY Struisie TROTS
TEL: 044 279 1623
www.oudhs.co.za

## VAKANSIE-AKTIWITEITE

**KRIEKET:** Baie geluk aan Rory Bell [kapt] en Keagan Fortuin wat in die SWD 0/17-span ogeneem is.

**KARATE:** Baie geluk aan Roedolf Serfontein wat pas vir sy bruingordel gegradeer het. Ook aan Martin Koorts wat 'n silwer medalje op die Ubuntu Internasionale Wêreldtoernooi in Stellenbosch verower het.

**ORANJERIVIER-EKSPEDISIE:**[12-17 Desember]. Lizanne Bothma, Petra Barry en Coetzee Geyser gaan die stroomversnellings van die Groot Gariep aanpak! Jaco Geyser gaan sy uithouvermoë op 'n "Survivor"-staptog te Hartenbos toets. Geniet dit.



**GESEËNDE KERSFEES**
**&**
**VOORSPOEDIGE 2011**

## 2011

Dit was vir ons 'n goeie jaar en ons wens al ons koshuisleerders 'n aangename rustyd toe. Ons sien daarna uit om almal weer volgende jaar op Struisiewerf terug te verwelkom.

Die skool begin reeds op Maandag 17 Januarie 2011 en die koshuise sal Sondag 16 Januarie 2011 om 17:00 oopmaak vir leerders.

Geniet die rustyd saam as 'n gesin. Die koshuispersoneel wens u almal 'n geseënde Kerstyd en 'n voorspoedige 2011 toe.

**One word frees us of all the weight and pain of life: that word is love.**

Sophocles